basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENINGKUNDE V2

MODEL JUNIE 2019

GRAAD 11

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n 1 bladsy-formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is by hierdie vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.

4 Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

5 Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

6 Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vraestel te beantwoord.

7 Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.

8 Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 40 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Kosterekeningkunde	Kostebegrippe Grootboekrekeninge Etiek

VRAAG 2: 60 punte; 45 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Versoenings	Bankversoening Krediteureversoening

VRAAG 3: 25 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Vaste Bates en Probleemoplossing	Bateverkope Probleemoplossing

VRAAG 4: 25 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Beheer oor Bedryfskapitaal	Begrippe en ontleding Vertolking van finansiële state

VRAAG 3: KOSTEREKENINGKUNDE (40 punte; 35 minute)

1.1 EKURHULENI BOUERS

Ekurhuleni Bouers vervaardig skoolbanke. Die inligting voorgehou, hou verband met die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019.

GEVRA:

1.1.1 Bereken die direkte arbeidskoste. (7)

1.1.2 Stel die volgende Grootboekrekeninge aan die einde van die finansiële jaar op:

(a) Grondstofvoorraadrekening (7)

(b) Fabrieksbokosterekening (10)

INLIGTING:

A. Voorraadsaldo's:

	28 FEBRUARIE 2019	**1 MAART 2018**
	R	**R**
Grondstof	51 795	35 250

B. Transaksies gedurende die jaar voordat die rekeningaansuiwerings wat onder C tot H aangedui is, in ag geneem word:

	(R)
Kredietaankope van grondstof	788 400
Vervoerkoste van grondstof per tjek betaal	23 230
Defektiewe grondstof aan verskaffers teruggestuur	9 600
Kontantaankope van fabriek indirekte materiaal	75 750
Produksielone	?
Salarisse en lone (bydraes ingesluit)	512 800
Huuruitgawe	329 000
Water en elektrisiteit	234 900
Versekering	84 000
Fabriek diverse uitgawes	88 690

C. Produksielone:

Aantal werknemers	7	
Normale-tyd-ure per werknemer gewerk	1 240 uur	
Oortydure per werknemer gewerk	365 uur	
Normale-tyd-tarief	R45,00	
Oortydtarief	2 keer die normale tarief	
Aftrekkings en bydraes:		
	WERKNEMER	**WERKGEWER**
Pensioenfonds	4% van basies	5% van basies
Werkloosheidversekeringsfonds (WVF)	1% van basies	1% van basies

D. Verbruiksgoedere voorhande op 28 Februarie 2019 beloop R15 900.

E. 'n Bedrag van R91 000 is by salarisse en lone ingesluit vir indirekte fabrieksarbeid.

F. Die huuruitgawe moet in die verhouding 4 **:** 2 **:** 1 tussen die fabriek, verkoopsafdeling en kantoor verdeel word.

G. 65% van die water en elektrisiteit moet aan die fabriek toegeken word.

H. 'n $^1/_3$ van die versekeringsuitgawe is vir die verkoopsafdeling en die kantoor. Die res is vir die fabriek.

1.2 **SIBASA VERVAARDIGERS**

Sibasa Vervaardigers vervaardig plastiekskryfbehoeftesakkies. Die inligting hieronder is uit hulle rekords vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie geneem.

GEVRA:

1.2.1 Verwys na Inligting A en bereken die bedrae wat deur **(a)** en **(b)** aangedui word. (4)

1.2.2 Bereken die gelykbreekpunt vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2019. (5)

1.2.3 Lewer kommentaar oor of die besigheid met die gelykbreekpunt tevrede moet wees. Haal relevante syfers in jou kommentaar aan. (6)

1.2.4 Gee 'n geldige rede vir die verandering in die direkte materiaalkoste per eenheid. (1)

INLIGTING:

A. Koste, Produksie, Verkope en Gelykbreekpunt

	30 JUNIE 2019		2018
	TOTALE KOSTE	**EENHEIDS-KOSTE**	**EENHEIDS-KOSTE**
Vaste koste	?	50,00	47,00
Fabrieksbokoste	898 560	36,00	34,00
Administrasiekoste	**(a)**	14,00	13,00
Veranderlike koste	?	?	126,00
Direkte arbeidskoste	1 397 760	56,00	51,00
Direkte materiaalkoste	748 800	**(b)**	50,00
Verkoops- en verspreidingskoste	1 148 160	46,00	25,00

Aantal eenhede vervaardig en verkoop	24 960		23 600
Verkoopsprys per eenheid	R184		R220
Gelykbreek aantal eenhede	?		11 800

40

VRAAG 2: VERSOENINGS (60 punte; 45 minute)

2.1 BEGRIPPE

Voltooi die volgende stellings deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 'n Gunstige saldo volgens die bankrekening in die Algemene Grootboek is aan die …-kant. (1)

2.1.2 'n Ongunstige saldo volgens die Bankstaat sal as 'n … in die Bankstaat verskyn. (1)

2.1.3 Foute wat deur die bank gemaak word, word in die … aangeteken. (1)

2.2 LIMPOPO WINKELS

Die inligting hou verband met Limpopo Winkels vir Mei 2019.

GEVRA:

2.2.1 Stel die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal vir Mei 2019 op. Tel slegs die bankkolomme op. (22)

2.2.2 Bereken die korrekte bankrekeningsaldo op 31 Mei 2019. (6)

2.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2019 op. (8)

2.3 Verwys na Addisionele Inligting (ii):

Met verwysing na tjek 1466, stel TWEE moontlike maniere voor waarop probleme van dié aard in die toekoms oorkom kan word. (2)

INLIGTING:

A. Bankversoeningstaat op 30 April 2019

	R
Gunstige saldo volgens Bankstaat	35 640
Uitstaande deposito	16 960
Uitstaande tjeks	
Nr. 1402 (10 November 2018)	7 600
Nr. 1428 (5 April 2019)	10 800
Nr. 1438 (29 Junie 2019)	22 200
Gunstige saldo per bankrekening	?

B. Die volgende totale is op 31 Mei 2019 uit die Kontantjoernale verkry:

	R
Kontantontvangstejoernaal	217 280
Kontantbetalingsjoernaal	245 160

C. Nadat die Mei-Bankstaat van Mvela Bank met die vorige Bankversoeningstaat en Kontantjoernale vergelyk is, is die volgende geïdentifiseer:

(i) Die uitstaande deposito van R16 960 en tjek 1428 verskyn op die Bankstaat vir Mei 2019.

(ii) 'n Tjek vir R5 480 wat van A Mhlambi, 'n debiteur, ontvang is, is as gevolg van onvoldoende fondse geweier. Dit was ter vereffening van sy rekening van R5 600 en dit verskyn op die Bankstaat.

(iii) Mvela Bank het die lopende rekening van Limpopo Winkels met diensgeld van R760 en rente van R560 op die ongunstige saldo gedebiteer.

(iv) 'n Huurder, Mbali Bloemiste, het 'n elektroniese oordrag van R3 160 na Limpopo Winkels se rekening vir die maandelikse huur gemaak.

(v) 'n Betaling van R920 is deur middel van 'n debietorder ten gunste van Bophirima Bank gemaak ten opsigte van die maandelikse paaiement vir die finansiëring van die aankoop van 'n afleweringsmotorfiets.

(vi) Mvela Bank het die besigheidsrekening met R400 gekrediteer ten opsigte van rente op 'n vaste deposito.

D. Items wat in die Kontantjoernale vir Mei 2019 verskyn het, maar nie in die Bankstaat nie:

(i) Die volgende tjeks verskyn slegs in die Kontantjoernale:

- Nr. 1466 vir R1 400 (gedateer 12 Mei 2019)
- Nr. 1482 vir R20 480 (gedateer 15 Junie 2019)
- Nr. 1498 vir R3 560 (gedateer 20 Mei 2019)

(ii) 'n Uitstaande deposito van R43 040 het in die joernale van Limpopo Winkels verskyn, maar nie in die Bankstaat nie.

E. Addisionele Inligting:

(i) Tjek 1412 vir R23 720, betaal aan Nkumane Handelaars, 'n krediteur, is foutiewelik as R23 270 in die April-joernaal aangeteken.

(ii) Tjek 1466 (uitgereik op 12 Mei 2019) vir R1 400, 'n skenking aan Phelang Skool, is met die hand afgelewer. Die ontvanger ontken ontvangs daarvan. Die eienaar het besluit om die tjek te kanselleer.

(iii) Tjek 1402 is aan Phakama Winkels uitgereik ter betaling van die rekening. Die besigheid het gesluit.

(iv) Tjek 1506 vir R10 000, gedateer 31 Mei 2019, is as 'n skenking aan Manda Weeshuis uitgereik. Geen inskrywing is gemaak nie.

(v) Die Bankstaat het 'n saldo van R? op 31 Mei 2019 getoon.

2.4 **KREDITEUREVERSOENING**

Gauteng Winkels koop goedere op krediet by Middle Verskaffers.

GEVRA:

2.4.1 Gebruik die tabel verskaf om die veranderinge [(+) vir 'n vermeerdering en 'n (–) vir 'n vermindering] wat gemaak moet word, aan te dui:

- In die Krediteuregrootboekrekening in die boeke van Gauteng Winkels
- Rekeningstaat wat op 28 Februarie 2019 vanaf Middle Verskaffers ontvang is (15)

2.4.2 'n Ondersoek na die transaksie op 2 Februarie 2019 vir faktuur 560, het onthul dat Patricia Vorster (aankoopbestuurder) goedere vir haarself bestel het. Hierdie goedere is nie by die voorraad ingesluit nie.
Verduidelik TWEE interne beheermaatreëls wat die besigheid kan gebruik om te voorkom dat soortgelyke insidente in die toekoms plaasvind. (4)

INLIGTING:

A. KREDITEUREGROOTBOEK VAN GAUTENG WINKELS
MIDDLE VERSKAFFERS

DATUM		BESONDERHEDE	FOL.	DEBIET	KREDIET	SALDO
Feb.	1	Saldo	a/b			26 190
	2	Faktuur 560	KJ		24 060	50 160
	4	Debietnota 52	KAJ	1 350		48 810
	7	Tjek 443	KBJ	15 675		33 135
		Korting ontvang	KBJ	1 650		31 485
	20	Faktuur 996	KJ		5 550	37 035
	23	Tjek 575	KBJ	6 600		30 435
	24	Faktuur 590	KJ		12 000	42 435
	28	Tjek 580	KBJ	6 900		35 535
		Korting ontvang	KBJ	690		34 845
	29	Faktuur 592	KJ		22 200	57 135

B. REKENINGSTAAT ONTVANG VANAF MIDDLE VERSKAFFERS

GAUTENG WINKELS					**Nr. 2169**
Kingsviewstraat 205, Durban, 3201					25 Februarie 2019
DATUM		**BESONDERHEDE**	**DEBIET**	**KREDIET**	**SALDO**
Jan.	25	Saldo			33 690
	28	Kwitansie 110		7 500	26 190
Febr.	02	Faktuur 560	24 600		50 790
	04	Kredietnota 09	1 350		52 140
	07	Kwitansie 122		15 675	36 465
		Korting toegestaan		825	35 640
	18	Faktuur 571	14 400		50 040
	23	Kwitansie 138		6 600	43 440
	24	Faktuur 590	10 800		54 240
	25	Afleweringsgeld	1 560		55 800

C. 'n Ondersoek het die volgende foute en weglatings onthul:

(i) Faktuur 560 is korrek op die rekeningstaat aangeteken.

(ii) Goedere van R1 350 is op 4 Februarie 2019 deur Gauteng Winkels aan Middle Verskaffers teruggestuur.

(iii) Die korting toegestaan op 7 Februarie 2019 is foutiewelik in die Krediteuregrootboek aangeteken.

(iv) Faktuur 996 was vir goedere wat Gauteng Winkels by 'n ander verskaffer, Minty Verskaffers, aangekoop het.

(v) Gauteng Winkels het nagelaat om die handelskorting wat op Faktuur 590 toegestaan is, af te trek.

(vi) Faktuur 571 was 'n fout op die staat. Dit was vir goedere wat aan 'n ander besigheid verskaf is.

(vii) Volgens die kontrak, vra Middle Verskaffer al hul klante afleweringsgeld.

(viii) Die rekeningstaat sluit slegs transaksies tot 25 Februarie 2019 in.

60

VRAAG 3: VASTE BATES EN PROBLEEMOPLOSSING (25 punte; 20 minute)

Jy word voorsien van inligting oor Bloemfontein Hardeware vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019. Die onderneming se eienaars is Mike Moore en Milly Miles.

GEVRA:

3.1 Stel die Bateverkoperekening op vir kantoortoerusting (rekenaars) wat op 30 Junie 2018 gesteel is (sien Inligting A hieronder). (10)

3.2 Een van die kantoorwerkers, Di Vulge, weet dat die versekeringspolis slegs diefstal dek indien daar bewyse van gedwonge betreding is. Sy weet ook dat Mike die kantoor se veiligheidshek gebreek het om die insident na gedwonge betreding te laat lyk. Sy is nie seker of Milly hiervan weet nie.

Watter raad sal jy aan Di gee? Verduidelik EEN punt. (2)

3.3 Mike het 'n gedeelte van die perseel teen kosprys verkoop om hulle kontantvloeiprobleme op te los. Milly stem nie hiermee saam nie.

Gee TWEE redes waarom jy Milly se mening ondersteun. (2)

3.4 Die onderneming besit drie afleweringsvoertuie. Verwys na die inligting in die Vastebateregister (sien Inligting D hieronder).

Verduidelik waarom afleweringsvoertuig 2 teen 'n boekwaarde van R1,00 (een rand) getoon word. (2)

3.5 As 'n diens aan hulle klante, lewer die onderneming goedere in Bloemfontein af. Hulle vra 'n eenvormige tarief van R250 per aflewering. Klante betaal die bestuurders direk met kontant.

'n Totaal van 3 680 aflewerings is gedurende die jaar gemaak. Die afleweringsdiens het 260 dae van die jaar gewerk.

Jy is die interne ouditeur en jy is bekommerd oor moontlike probleme met die afleweringsvoertuie en hulle bestuurders.

Verwys na die inligting in punt D op die volgende bladsy. Identifiseer en verduidelik EEN groot probleem met elke afleweringsvoertuig of die bestuurder daarvan. Haal syfers uit die inligting aan om jou antwoord te ondersteun. Gee 'n geldige oplossing vir elke probleem. (9)

INLIGTING:

A. Kantoortoerusting en verkope:

Kantoortoerusting sluit die kantoorrekenaars in. Ses van die kantoorrekenaars is op 30 Junie 2018 gesteel. Hierdie ses rekenaars is oorspronklik vir R79 200 teen 'n kosprys van R13 200 elk gekoop. Die versekeringsmaatskappy, Ace Versekeraars, het slegs R5 000 vir elke rekenaar uitbetaal. Hierdie rekenaars is op 31 Augustus 2018 teen 'n hoër prys vervang.

B. Afleweringsvoertuie:

Die besigheid besit drie afleweringsvoertuie wat hulle gebruik om hulle inkomste te genereer.

C. Inligting uit die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019:

VASTE BATES	**Grond en geboue**	**Kantoor-toerusting**	**Voertuie**
Drawaarde aan begin van die jaar	1 200 000	630 000	403 501
Kosprys	1 200 000	980 000	699 000
Opgehoopte waardevermindering		(350 000)	(295 499)
Bewegings	(700 000)	19 560	(111 000)
Toevoegings		240 000	
Verkope teen drawaarde	(700 000)	(63 360)	
Waardevermindering		(157 080)	(111 000)
Drawaarde aan einde van die jaar	500 000	649 560	292 501
Kosprys	500 000	1 140 800	699 000
Opgehoopte waardevermindering		(491 240)	(406 499)

D. Inligting uit die Vastebateregister en die rekeningkundige rekords op 28 Februarie 2019:

Vastebateregister	**Aflewerings-voertuig 1**	**Aflewerings-voertuig 2**	**Aflewerings-voertuig 3**
Datum aangekoop	1 April 2018	1 Januarie 2010	1 April 2016
Kosprys van voertuig	R315 000	R144 000	R240 000
Opgehoopte waardevermindering	R94 500	R143 999	R168 000
Drawaarde	**R220 500**	**R1**	**R72 000**

Inligting uit die rekeningkundige rekords	**Aflewerings-voertuig 1**	**Aflewerings-voertuig 2**	**Aflewerings-voertuig 3**
Naam van bestuurder	***Solly***	***Themba***	***Goldie***
Getal dae gewerk	210 dae	260 dae	260 dae
Getal aflewerings gemaak	280 aflewerings	2 100 aflewerings	1 300 aflewerings
Kontant deur bestuurders inbetaal	R70 000	R525 000	R275 000
Salarisse aan bestuurders betaal	R52 000	R52 000	R52 000
Brandstof- en instandhoudingskoste vir die jaar	R36 400	R430 500	R201 500
Brandstof- en instandhoudingskoste per kilometer	R1,30	R2,05	R1,55

25

VRAAG 4: BEHEER OOR BEDRYFSKAPITAAL (25 punte, 20 minute)

Jy word voorsien van die volgende inligting oor Tanda Handelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019. Die vennote is A Tanya en P Daniel.

GEVRA:

4.1 Bereken die volgende ontbrekende finansiële aanwysers vir 2019:

4.1.1 Bedryfsuitgawes op verkope (3)

4.1.2 Gemiddelde voorraadomsetsnelheid (4)

4.1.3 Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn (5)

4.2 Lewer kommentaar oor die winslagopslagpersentasie. Was die strategie om die winsopslagpersentasie te verminder, suksesvol? Haal syfers aan. (3)

4.3 Lewer kommentaar op die winsgewendheid van die besigheid vir hierdie finansiële jaar. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)

4.4 Verduidelik waarom die boekhouer bekommerd is oor die beheer/bestuur van debiteure en gee syfers om sy kommer te ondersteun. Stel DRIE beheermaatreëls voor wat die besigheid kan implementeer om die invordering van debiteure te verbeter. (6)

INLIGTING:

A.

	2019 R	**2018 R**
Verkope (65% van verkope is op krediet)	4 200 000	3 675 000
Koste van verkope	2 625 000	2 100 000
Ander bedryfsinkomste	275 000	225 000
Bedryfsuitgawes	645 000	716 625
Voorraad	240 000	150 000
Handelsdebiteure	380 000	450 000
Handelskrediteure	265 000	340 000

B. Finansiële aanwysers vir twee opeenvolgende jare:

	2019	**2018**
Winsopslagpersentasie	60%	75%
% bedryfsuitgawes op verkope	**(i)**	19,5%
Voorraadomsetsnelheid	**(ii)**	10 keer
Debiteure-invorderingsperiode	**(iii)**	52,3 dae
% bruto wins op verkope	38%	43%
% bedryfswins op verkope	22%	17%
% netto wins op verkope	18%	14,2%

25

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

<table>
<tr><th colspan="3">GRAAD 11 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD VIR FINANSIËLE AANWYSERS</th></tr>
<tr><td>$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$</td><td>$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$</td><td>$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$</td></tr>
<tr><td colspan="2">$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$</td><td>$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$</td></tr>
<tr><td colspan="2">$\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$</td><td>$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$</td></tr>
<tr><td colspan="2">Bedryfsbates **:** Bedryfslaste</td><td>(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste</td></tr>
<tr><td colspan="3">(Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste</td></tr>
<tr><td colspan="2">$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$</td><td>$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$</td></tr>
<tr><td colspan="2">$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$</td><td>$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$</td></tr>
<tr><td colspan="2">Langtermynlenings **:** Eienaarsbelang</td><td>Totale bates **:** Totale laste</td></tr>
</table>

Kopiereg voorbehou